

Donderdag 17 Maart

Skrifgedeelte: Jesaja 33:1-13

Fokusgedeelte: Jesaja 33:2

Wag in vertroue op die Here wat volkome verlos

“Nood leer bid.” So lui die spreekwoord. Ons bid om verlossing uit ’n noodsituasie.

Sanherib, koning van Assirië, het eers al die stede van Juda verower en toe ook, ondanks hulle belofte, Jerusalem beleër. Hulle het die Here uitgedaag. In hulle nood het Jesaja namens die mense van Jerusalem gebid.

Die nood was groot; die gebed konkreet. Die Here moes in genade neerbuig na sy bedreigde volk. Jesaja het gebid dat die Here elke oggend hulle krag sou wees vir die hantering van die bedreiging. Hulle groot gebedsversoek was dat Hy die bedreiging heeltemal moes verwyder. Ons bid ook vir uitkoms uit ons noodsituasies.

Die Here het op Jesaja se gebed geantwoord. Hy het verlossing van die bedreiging van die Assiriërs beloof (Jes. 33:19; vgl. 2 Kon. 18:13 – 19:37). Vir die verlossing wat God bewerk, moes die mense van Jerusalem destyds, en moet ons steeds, wag tot op sy tyd.

Dit was vir die mense van Jerusalem en is ook vir ons noodsaaklik om te vra dat die Here ons in genade van ons sonde sal verlos. Jesaja het geprofeteer dat die Messias sy ryk sou kom vestig (Jes. 9:5-6). Daardie profesie is vervul met die koms van Christus in die volheid van die tyd. Daarvoor moes die mense van Jerusalem ’n paar eeue wag. Met sy kosbare bloed het Christus die losprys vir ons sonde betaal (1 Pet. 1:19). Ons weet dat die heerlijkheid waarop die verlossing uitloop, volle werklikheid sal word wanneer Christus op die tyd wat die Vader bepaal, in heerlijkheid weer kom. Ons wag nou daarop.

Die profeet sê in sy gebed: “*Op U wag ons*” (20). Ons wag in vaste vertroue dat die Here op die regte tyd – die tyd wat Hy bepaal — sy belofte van volkome verlossing sal nakom.

Sing: Psalm 145-1:8, 9

Ds. JH Jordaan (Johan) (emeritus)